

1 Petrus 1:3-9 Quasimodogeniti 03 April 2016

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontverming het Hy ons die nuwe lewe (OV die wedergeboorte) geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.

Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.

Liewe gemeente,

waarom behoort ons te glo dat daar 'n hiernamaals bestaan.

Waarom behoort ek om te gee as die lewe na die dood 'n illusie is soos baie geleerdes vandag beweer?

As ek mag wil ek vir jou vandag die redes gee wat werklik saak maak aanhand van die voorgeskrewe teksgedeelte. Maar voordat Petrus hierdie woorde neergeskryf het, moet ons net weet dat Petrus 'n gedaante wisseling ondergaan het. Was dit nie hy wat Jesus belet het om Jesus die pad van lyding te stap nie? Was dit nie Petrus wat die Here opgehou het: nee, Here, dit mag nooit met jou gebeur nie! Dit was sy lewe se belegging in Jesus wat op die spel gestaan het wat nou verkwes word as Jesus

Waarom belê jy jou lewe? Die antwoord moet mos wees: daar waar jy jou tyd spandeer. As jy werk of by die huis is, vriende besoek of rekenaarspeletjies te speel, is jy besig om jou lewe te leef - is dit die moeite werd of laat jy die ure maar net verbygelip? Waarom sit jy vandag hier in die kerk en spandeer jou tyd om te sing en na die woord te luister. Is jy nie besig om jou tyd te mors nie? Wat is daar in vir jou? Wat verwag jy? Waarom gaan doen jy nie liewers jou inkopies of handel jou laaste werksopdragte af of vang rustig vir by die rivier nie? Waarom hier? Is jy nie besig om die lewe te "verloor" nie?

Wel definitief is jy besig om jou lewe te verloor as God en sy Woord net 'n klug is. Maar as God 'n lewende werklikheid is en God se woord Waarheid is, dan is jy besig om jou lewe te vermeerder! Dan is die mense nou daar buite besig om hulle lewe te verloor. Maar hoe weet ek dat dit wat hier gebeur, inderdaad waarheid is? Hoe sal ek met sekerheid weet dat die lewe wat ek hier ontvang my inderdaad deurdra na 'n onverganklike en heerlike lewe wat nooit as te nimmer verby sal gaan? Hoe sal ek weet dat dit nie 'n klug is nie.

En Petrus antwoord in sy brief:

^{15.} Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook ná my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou.

^{16.} Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien.

^{17.} Hy het van God die Vader eer en heerlijkheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug." {Vgl. Matt. 17:5; Mark. 9:7; Luk. 9:35}

^{18.} Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was.

^{19.} En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môre ster opkom in julle harte.

Hierdie verskynsel was só ingrypend dat dit vier keer in die NT opgeteken is. Laat ons net gou weer in herinnering roep wat gebeur het ... Daar stap Jesus met sy dissipels van dorp tot dorp en Jesus verduidelik vir hulle dat Hy uit hierdie wêreld weer moet gaan deur lyding en kruis. En Petrus berispe vir Jesus: nee, moenie so praat nie! Petrus wil nie hê dat sy lewe gemors word nie; 3 jaar al het hy sy lewe belê met die hoop dat Jesus sy Koninkryk sigbaar op aarde sal vestig. En nou praat Jesus van weggaan? Is dan alles verniet? En Jesus vaar teen Petrus uit: gaan weg van my, Satan, want jy dink soos mense en nie soos God nie.

Maw ons sal moet leer om op 'n ander vlak te dink. En dan neem Jesus hulle saam op die berg. Terwyl hulle nog staan, word meteens Jesus se gestalte helder. Daar staan, dit het geskyn soos die son, vol heerlijkheid en luister. Vireers het die drie dissipels, Petrus, Jakobus en Johannes bang geword. Hier word die grense tussen hierdie en die ander wêreld deursigtig. Daar verskyn toe twee ander gestaltes saam met Jesus: Moses en Elia. Hoe het hulle geweet dis Moses en Elia? Sal ons mekaar weer daar anderkant herken? Volgens hierdie en ander teksgedeeltes is dit 'n goeie aanduiding: ja. En Moses en Elia praat met Jesus. Ons weet nie hoe lank nie en oor wat hulle gepraat het nie maar ek kan myself voorstel dat hulle gepraat het oor Jesus se uitgang uit hierdie wêreld. Petrus, Jakobus en Johannes was verstom, heeltemal onkant gevang. Hier kry hulle 'n insig in die goddelike sferes van die onsigbare wêreld. Dit was só verhewe, voortreflik dat Petrus in sy ekstase voorstel: laat ons hier bly, laat ons hier drie hutte bou vir elkeen van julle drie ene. Maar Petrus het nie mooi geweet waarvan hy praat nie want het Jesus hulle nie onlangs gepraat van Jesus se heengaan, weggaan uit hierdie wêreld nie?

Die stem uit die hemel het hulle by meer as een geleentheid gehoor: dit is my beminde Seun; luister na Hom!



Petrus het geluister en klinkklaar duidelik gesien: daar's 'n ander wêreld as hierdie materiële, natuurlike wêreld. Liewe gemeente, daar is 'n ander wêreld - nie daar êrens in die buitenste ruimte nie, maar hier midde rondom ons. God se heerlijkheid en teenwoordigheid is hier by ons waar ons saam met Jesus is!

Jy en ek mag dalk antwoord: ek wens, ek sou dit ook kon sien. As ek maar soos Petrus, Jakobus en Johannes ook net vir 'n oomblik kon sien dat God hier is, dat daar 'n ander wêreld bestaan, dat daar 'n lewe na die dood is - dan sou ek ook soos hulle drie kon getuig en blye sekerheid kon uitsien na my dood want dan weet ek dat die hemele ook vir my geopen sal word en ek saam met Moses en Elia en alle heiliges sal wees.

Toe Petrus hierdie brief geskryf het, het hy geweet, hy's op pad uit. Dit mag wees dat hy binnekort sou sterf; en dit was vir hom iets om na uit te sien, want hy het dit reeds gesien wat God vir ons gereed hou. Maar Petrus weet ook dat jy en ek dit nog nie met ons eie oë gesien het nie - daarom skryf hy.

En net soos Petrus skryf van die profete van ouds, so geld ook sy eie woord:

2 Petrus 1:²⁰. Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, ²¹. want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.

Die geskrewe Woord het nie net die voordeel dat jy en ek dit oor-en-oor kan lees nie, maar het dieselfde funksie soos die gesproke woord: dit is lewende getuienis van God self. Deur die Woord wat van God af kom, word jy verlig met dieselfde heerlijkheid soos toe Jesus self dit aan sy dissipels verkondig het.

Daarom doen ek weer 'n beroep op ieder en elk van ons om die Woord te bestudeer en dit toe te eien. En jy kan dit beswaarlik doen as jy gou-gou 5 min voordat jy werk toe haas nog een keer deur die Bybel te blaai of 5 min voordat jy in jou bed die Bybel gebruik om jou aan die slaap te sus nie. Die Woord wil jou hart bereik - maar daarvoor moet jy die geleentheid gee. Hier in die kerk is die regte plek, plus elke dag van jou lewe, want dit is jou lewe! Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môre ster opkom in julle harte.

Op die berg van verheerliking het die môre ster opgekom, en elke keer wanneer iemand dit ter harte neem, breek die nuwe daglig vanuit die ewigheid aan. Wat by jou doop gebeur het, waar jy met die Drie-enige God verbind is, vind gestalte in jou, ontvou soos 'n blom wat te lank net voor die lente in blomknop gewag het.

En nou is ons midde in ons teks vir vandag: Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontverming het Hy ons die nuwe lewe (OV die wedergeboorte) geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.

En nou kom ons by die tweede gedeelte van ons besinning: Hierdie blye versekering sal ook getoets word. Maar Petrus noem dit eintlik net so terloops: En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid ... Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word.

Drie voorbeelde mag ek noem hoe hierdie vaste versekering op die proef gestel word.

(1) Die eerste is valse lerars en valse verkondigings binne die kerk. Petrus noem 'n hele reeks van hulle. Ek verwys pertinent na die baie bekende Joel Osteen en Kenneth Copeland wie se motiveringstoesprake (ek wil dit nie eers "preke" noem nie) dikwels op Radio Impact gehoor kan word en waarna van ons gemeentelede ook dikwels luister. Joel Osteen propageer in sy boek "Your best life now" dat Christene van God af die beste lewe hier-en-nou kan opeis: name it and claim it, is van sy slagwoorde. Sê vir die Here wat jy wil hê, fokus daarop en jy sal dit kry! Net so word Kenneth Copeland gesien as die ene wat "health, wealth and prosperity" verkondig dat God jou mos belowe het om jou nou te seën met alles wat goed en welstand vir jou belowe. Al wat jy moet doen, is om dit op te eis: glo dit, en jy sal dit kry.

Hierdie verleiers fokus gelowiges se aandag slegs op die hier-en-nou, op die "ek" en my welstand. Ongelukkig sal dit tyd dit nou die toelaat om in meer besonderhede hulle verleidelike, valse aanslag

te ontleed nie, maar julle sal gou agterkom dat reeds die boektitel “our best life now” totaal die pot mis het in die lig van Petrus se briewe en Jesus se missie. Petrus beklemtoon: Ons is op pad uit hierdie wêreld! Omdat julle weet dat die beste nog vir ons in die vooruitsig gestel word, daarom doen nou goed, hou vas aan die geloof, volhard in swaarkry en bemoedig mekaar in lyding.

As jy jou beste lewe nou al geniet - wat is daar om na uit te sien? Jesus se vir die ryk koring-boer: jou dwaas, wat sal jy hê van al jou rykdom wat jy opgegaan het? Gaar julleself skatte op vir die hemel waar roes en mot dit nie kan opvreet nie of diene nie kan bykom nie. En die skatte wat ons nou opgaan vir die hemel is:

Leer die Here Jesus ken, want jy sal Hom ontmoet. Beywer jouself in goeie werke want jou werke geniet nie net erkenning voor God nie maar baat ander dat hulle God se barmhartigheid leer ken.

(2) Die tweede voorbeeld van hoe die vaste vertrouwe op die proef gestel word, is open teenstand. Soos die eerste Christene dit ervaar het, is hulle hard vervolgd, benadeel, in die openbaar verneder en soms deur regters veroordeel. Wie sal bereid wees om sulke haatspraak te verduur? Wie sal daarna uitsien om sy loopbaan te laat korsknip omdat hy aan ’n sekere geloof vashou? Wie sal bereid wees om wederregtelik deur regters veroordeel te word en selfs tronkstraf te verduur bloot omdat hulle dissipels van Christus is? Die organisasie “Stem vir die martelare” sê dat tans omtrend 100-tot 150.000 Christene direk vervolgd word, in tronke sit en selfs die dood in die gesig staar. Miljoene der miljoene word verjaag, vervolgd en verneder. Dit is ten aansiens van hierdie direkte vervolging dat baie Christene die handdoek ingooi en nie hiervoor kaans sien nie.

Hier teenoor skryf Petrus: Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle ’n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.

(3) En die derde voorbeeld is onself. Waar ons soms nie eers bereid is om op ’n Sondagoggend kerk toe te gaan nie maar liewers ander dinge wil doen. Ons twyfel miskien nie oor die opstanding nie; ons glo dalk in Jesus soos ons van kleins af deur die kategismus geleer is. Maar dit maak nie meer regtig saak nie. Dit is louheid of onverskilligheid wat die eintlike toets vir ons geword het. Daar is egter niemand wat soos ’n onderwyser van ouds met ’n stok langs ons staan en vir ons uitwys: kyk, jy is nou lou! nie. Ons sal onself moet toets.

Ook in hierdie opsig hoor Petrus se bemoedigende woorde: Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met ’n onuitspreeklike en heerlike blydskap.

Jy mag dalk vra: waarom het ek nie daardie “heerlike blydskap” nie? En kom weer terug. Verbind jouself tot Hom wat Homself geheel en al vir jou gegee het. Kom nagmaal toe en laat jouself vul met sy teenwoordigheid. Lees gretig in die Woord en neem deel aan die geloofsgemeenskap. God wil inderdaad die wêreld vernuwe, maar Hy begin by jou en my. *Is iemand in Christus, dan is hy ’n nuwe skepping* (1 Kor 5:17).

Wees dan ook hierdie *nuwe mens* wat in blye afwagting gestalte gee aan die hier-en-nou. Laat God se seën invloei in jou huweliksverhouding, in jou beroep en stokpertjie. Leef die vreugde ook wanneer jy benadeling beleef en ander jou uittart. Moenie toelaat dat die omstandighede jou mismoedig maak nie, maar gee jy vir jou mense die vreugde en vrede wat meer is as wat ons ooit sal begryp. Ons sien uit na die opstanding van die liggaam en lewe van die toekomstige eeu! Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Amen.

En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, bewaar julle harte en sinne in Christus Jesus, onse Here. Amen.